N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 3

16 Januarie 2022

God verlos jou uit ‘n krisis, maar nie altyd soos jy verwag nie (1)

Paulus skryf net voordat hy in Rome onthoof is:”Maar jy het my navolger geword in leer, lewenswandel, planne, geloof, lankmoedigheid, liefde, leidsaamheid, vervolginge, lyding, soos my te beurt geval het in Antiogië, in Ikónium, in Listre. Watter vervolginge het ek nie al verdra nie! En die Here het my uit almal verlos” –
2 Tim 3:10-11. Hy verwys na Ps 34:19-20:”Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom.”
Hier is ‘n vreemde ding. “God het hom uit almal verlos.” Hoe kan jy sê dat God jou verlos het, maar jy is deur vervolging? Paulus het op vyf verskillende geleenthede 39 houe met ‘n sambok gekry. Wat ons betref sou “verlossing” beteken het voor die eerste hou val, nie waar nie? Maar wat van ná die vyftiende hou; die nege-en-twintigste-hou? Wat van wanneer die bloed loop en die nege-en-dertigste-hou val? Sal jy daar opstaan en sê:”Sjoe! Die Here het my hieruit verlos?”
Die talle dinge wat Paulus moes verduur
“…maar in alles beveel ons ons aan as dienaars van God, met baie geduld, in verdrukkinge, in node, in benoudhede; in slae, in gevangeneskappe, in oproere, in arbeid, in slapelose nagte, in hongerly…as sterwendes en kyk, ons lewe, as getugtig en tog nie gedood nie; as bedroefdes, maar altyd opgeruimd; as armes, maar wat ander ryk maak; as mense wat niks het nie en tog alles besit.” – 2 Kor 6:3-10. Lees gerus ook 2 Kor 11:23-27.
God in die krisis
“Maar uit dit almal het die Here my verlos.” Hoe het die Here Paulus verlos? Paulus sê in sy briewe dat hy deur God oorwinning en verlossing gegee is – maar hy praat van iets anders as wat ons hoor. As ons bid dat die Here ons moet verlos, bedoel ons:”Here, keer dat ons die krisis beleef.” Paulus het beleef dat God in beheer was – ook van die krisis. Hy het Paulus uit party van hierdie krississe verlos – volgens ons definisie van verlossing. Maar Paulus moes baie dinge wel verduur. En dis die deel wat ons nie wil hoor of verstaan nie. (vervolg) – Riekert Botha

Dankie!

- **Dat niks ons van die liefde van God kan skei nie!**
  Rom 8:35-39 Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger, of naaktheid, gevaar of swaard? Daar staan immers geskrywe: “Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.” Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir hierdie nuwe jaar … God is ‘n God van nuwe beginne..

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Nadeleen Deguay – vir volkome herstel en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Jaap Naude – vir volkome herstel en genesing.
- Francois en Sanet Smit – vir volkome herstel en genesing.
- Dezi Stinton – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Gerda J van Rensburg – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Anton Castelyn – vir volkome herstel en genesing.
- Redge Ellerbeck – vir volkome genesing.
- Simon de Beer – vir die Here se nabyheid

Gedagte vir die week:

Loof die Here want Hy is goed. Aan Sy liefde is daar geen einde nie!

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org